# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 310 · 28 JULIE 2023**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za


## 1STE RUGBY KLOP GREY 2 JAAR IN 'N RY

Baie geluk aan die 1ste rugbyspan wat vir Grey op hul tuisgronde gewen het. 17 - 15 vir Framesby.





## 0/19A NETBAL EINDIG 16DE BY SA SKOLE KAMPIOENSKAPPE

Baie geluk aan Framesby se 0/19 A-netbalspan wat 16de uit al die topskole by die DSTV Netball Challenge geëindig het. Hulle het teen groot skole deelgeneem en hul uitstekend van hul taak gekwyt.

**Dit beteken hulle is 16de in Suid-Afrika.**

**21 JULIE - DAG 1**
vs Girls High verloor 32-13
vs Thakamiso wen 45-4
vs Curro Shosanguve wen 40-3

**22 JULIE – DAG 2**
vs Ikeletso wen 36-4
vs Pietersburg Hoërskool wen 28-20

**UITSPELE**
vs Paarl Gimnasium verloor 15-35

**DAG 3**
vs Hoërskool Secunda verloor 34-22
vs Hoërskool Duineveld verloor 17-32
vs Eunice Girls High verloor 16-22







## VERJAARSDAE DIE WEEK

**SATERDAG • 29 JULIE**
Naricka Henegan

**SONDAG • 30 JULIE**
Adrianho Booysen
Retha du Plessis
Joshua Kruger
Tiffany Maarman
Kyle Strydom

**MAANDAG • 31 JULIE**
Juffrou L. Vos
Corne Matthee
Ruan Matthee
Chloe Steyn
Reinhardt Welman
Anneqwa Witbooi

**DINSDAG • 1 AUGUSTUS**
Karla Ferreira
Dylan Grobler
Kiara Hough
Ewald Howard
Sue-Nelle Lewis
Jennifer Smith
Juanre Verwey

**WOENSDAG • 2 AUGUSTUS**
-

**DONDERDAG • 3 AUGUSTUS**
Mev. Annel Germishuys
Lieschen Barnard
Liam Blignault
Xander Botha
Hein Nel
Jani Slabbert

**VRYDAG • 4 AUGUSTUS**
Johannes de Lange
Ashleigh Frazenburg
Janah Howard
Liane vd Merwe
Juan Welman

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**

# FRAMESBY TOP 20 AKADEMIESE-AAND



















SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# LEERDERS KUIER LEKKER SAAM

Ons leerders het Maandag tydens tweede pouse lekker saam met mnr. Germishuys na die naweek se pragtige uitslae gekuier. Die pizza was 'n groot wenner onder die leerders!













SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# OP-RUGBY NUUS:

**OP 0/16 Grant Khomospan** het al 3 hul wedstryde gewen. Ons is baie trots op ons Framesby-seuns wat die skool so mooi verteenwoordig het. Framesby se OP-verteenwoordigers: Ethan Terblanche, Jaiden Brewis, Cole Hilpert en Damien Witbooi.

**OP o/18 Akademiespan**
Baie geluk aan Johan van Zyl wat in die OP o/18 Rugby Akademiespan opgeneem is. Hulle het gedurende die Junie vakansie by Jeppe in Johannesburg deelgeneem.





# SKOOLFOTO'S

Individuele foto's, klasfoto's asook sport- en kultuurfoto's kan nou bestel word.

- Laaste dag vir bestellings vir die eerste rondte foto's 31 Augustus.
- Tweede Fotodag word die res van die foto's op 27 September 2023 geneem.
- Bestellings word deur https://dirkmoggee.co.za/client-galleries/ geplaas.
- Wagwoord: framesbyfotos2023
- Sodra jou bestelling geplaas is via die webtuiste, sal jy 'n e-pos met betalingsbesonderhede ontvang.
- Geen bestelling sal gedruk of geprosesseer word voor betaling ontvang is nie.
- Die eerste rondte foto's sal teen 20 September by Die Hanger beskikbaar wees.
- Vir enige navrae, kontak gerus ordersdmpv@gmail.com




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek lig die volgende belangrike punte uit:

A) SEPTEMBER VOORBEREIDINGSEKSAMENROOSTER GRAAD 12
- Aangeheg is die September voorbereidingseksamenrooster vir die graad 12-leerders.
- Musiek se datum sal nog bevestig word.
- Laaste dag vir matrieks by die skool is 23 Augustus 2023.
- Leerders moet na die eksamen elke dag skool bywoon.

B) AKADEMIESE DATUMS - GRAAD 12
14 Augustus – LO departementele standaardtoets 08:30-11:30 [saal]
21 Augustus – LW SGA toets in toetsgleuf (Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid verval)

C) ALGEMEEN

C1) VERPLIGTE WISKUNDE OGGENDKLASSE (07:00)
Is as volg vir die res van die jaar:
Graad 11 is Dinsdae en Donderdae
Graad 10 is Woensdae

Ons sal waardeer indien ouers ons hierin kan ondersteun. Die kurrikulum vereis dat ons ekstra tyd hieraan spandeer.

C2) ONDERSTEUNING
Ouers, ondersteun asseblief onderwysers se hand in die doen van huiswerk en vaste studietye tuis om te leer. Leerders moet elke dag meer as 3 ure aan hul akademie spandeer.

C3) TAKE/PROJEKTE
In kwartaal 3 is daar weer heelwat vakke wat take huis toe stuur om te voltooi. Geografie graad 8 is 24 Julie en LO grade 10 en 11 is 26 Julie uit. Ondersteun u dogter/seun om ook hierdie werk betyds en goed te voltooi.

D) REKENINGKUNDE KLAS [MNR. J DE JAGER] – GRAAD 10
Mnr. J de Jager moet dringend ingaan vir 'n mediese prosedure en sal afwesig wees van 25 Julie 2023 tot 8 Augustus 2023. In hierdie tyd sal Mev. M de Jager vir hom instaan.

E) TOERISME – PAT

Neem kennis dat die toerisme PAT vir graad 12-leerders plaasvind op 2/3 Augustus 2023 tussen 08:00-12:30 in die saal.

Graad 10 en 11 leerders wat nog nie hul toerisme PAT afgelê het nie, sal dit ook op bogenoemde datums en tyd aflê.

F) EBW UITSLAE – GRAAD 8/9 TWEEDE KWARTAAL
Ek verwys na my brief wat ek aan alle graad 8/9 ouers uitgestuur het rondom die uitslae van EBW.

Daar is aandag aan die situasie gegee en wil dit verder toelig dat daar geen taak in kwartaal 2 was nie, wat 'n bydraende faktor was.

Ons wil u egter verseker dat vakonderwysers hersiening sal doen of dit alreeds gedoen het rondom kwartaal 2 se werk. Ons graad 9 personeel ontvang in die volgende paar weke indiensopleiding by die departement sodat hulle ons leerders korrek kan voorberei vir die eksterne Graad 9 eksamen van die departement.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

G) FAKKELFLITS

Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

H) DIE HANGER

Sien weekliks die Fakkelflits vir inligting.

I) NOVEMBER-EKSAMENROOSTER – GRAAD 12

Aangeheg die November-eksamenrooster van die Graad 12's.

J) GRAAD 12 - EINDEKSAMEN

Graad 12-leerders wat nog nie 'n Suid-Afrikaanse ID kaart(boekie) het nie, moet dit dringend gedurende die vakansie verkry aangesien geboortesertifikate nie met die eindeksamen aanvaar word nie.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: Die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY LANDLOOP ATLETE VAAR UITSTEKEND BY DIE OP-KAMPIOENSKAPPE:

Hoërskool Framesby is deur 28 landloopatlete verteenwoordig by die OP-Kampioenskappe, waarvan 15 atlete onder die Top 10 geëindig het en 1 brons medalje verower is. Die volgende individuele prestasies is behaal:

Brons
- Stefan Boshoff - S14 - 4km

4de
- Ilke Wolmarans - D16 - 4km
- Zané Jubber - D17 - 4km
- Dallian Oerson - S16 - 4km

5e
- Jamie-Lee Bester - D15 - 4km
- Esmeri Oberhauser - D16 - 4km
- Jasmine Barker - D17 - 4km

6e
- Jes Santos - S14 - 4km

7e
- Tanya Boshoff - D16 - 4km
- Cleushey Jansen - S14 - 4m

8e
- Elmé Vermaak - D14 - 4km
- Ciarah Santos - D16 - 4km

9e
- Carli Maritz - D14 - 4km

10e
- Meke de Vries - D16 - 4km
- Elizabeth Notley - D14 - 4km

12e
- Lienke Els - D14 - 4km

13e
- Liané van der Merwe - D14 - 4km
- Guerra Ntuli - S15 - 4km

15e
- Jané Steyn - D15 - 4km

18e
- Tristan van Wyk - S15 - 4km
- Marco Sprong - S19 - 8km

19e
- Ruben Bouwer - S15 - 4km

23e
- Stefan de Bruin - S15 - 4km

25e
- Ethan Coutts - S15 - 4km

26e - Luhann Sprong - S15 - 4km

27e
- Kyle Barker - S15 - 4km

34e
- Tiaan Peens - S17- 6km

49e
JD Bigge - S17 - 6km






SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# SPORTUITSLAE:

Rugby:
Framesby vs Grey
Framesby tellings eerste
0/14A 0-40
0/14B 3-12
0/14C 8-17
0/14D 41-7
0/15A 0-26
0/15B 0-21
0/15C 5-59
0/15D 0-43
0/16A 27-26
0/16B 0-27
4de 11-10
3de 15-24
2de 11-10
1ste 17-15

Hokkie
vs Priory :
1ste meisies wen 3-1
1ste seuns verloor 1-4
0/16A meisies wen 8-0
0/14A meisies wen 9-0
2de meisies wen 1-0
2de seuns verloor 0-2

vs Kingswood
1ste meisies wen 3-1
1ste seuns verloor 2-10

# BERGFIETS:

**Bergfietsuitslae vs Grey**:
Grey wen die byeenkoms. Elf van ons seuns neem deel op Grey se tuisgrond by die Millpark Conservancy op n baie moeilike en tegniese baan. Die volgende ryers vaar uitstekend: JES Santos 1e en Stefan Boshoff 3e van die O/14s. Tian Diedericks wen die O/16 kategorie en Stephan Roth kom 4de in die O/19 kategorie. Dankie aan elkeen wat deelgeneem het asook vir die ouers se ondersteuning.



Ons is besonders trots op **Tian Diedericks** wat in die afgelope twee weke 3 keer op die podium gestaan het: 1e plek in die 30km Windfarm resies in Jeffreysbaai 2de plek by die Provinsiale XCO kompetisie 1e plek by die Grey interskole kompetisie.







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BUITESPORT: JUDO

JUDO SA's 4 - 7 JULIE 2023
Hiermee die uitslae van Anke Niemand, Ruald Niemand en Stefan Ferreira wat die afgelope skoolvakansie aan die Judo SA's deelgeneem het. Dit was vanaf 4-7 Julie 2023 by Vista Universiteit gehou.

Anke het 'n 2de plek in die individuele Groep 5 vir Meisies onder 57kg verower. En hulle OP-meisies span het ñ brons medalje in die provinsiale kompetisie gewen. Stefan Ferreira het in die individuele Groep 4 onder 46kg deelgeneem en ñ 2de plek verower. Ruald Niemand het in die individuele Groep 4 onder 81kg deelgeneem en ñ 4e plek behaal. Stefan en Ruald se seuns OP span het ñ silwer medalje gewen.

Anke Niemand en Stefan Ferreira het albei gekwalifiseer om saam met die SA span deel te neem aan die Judo Commonwealth wat hierdie jaar in Port Elizabeth gehou 3-6 Augustus 2023.

Coach Reyners "Barney" Barnard is ook een van die Veterane wat gekwalifiseer het om deel te neem vir die SA span aan die Commonwealth.












SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

DIE HANGER

# AANDAG ALLE GR.8-OUERS:

Ons is die volgende Saterdae oop vir aankope:

- 29 JULIE 09:00 - 12:00
- 12 AUGUSTUS 09:00 - 12:00
- 2 SEPTEMBER 09:00 - 12:00
- 30 SEPTEMBER 09:00 - 12:00
- 28 OKTOBER 09:00 - 12:00
- 25 NOVEMBER 09:00 - 12:00
- 2 DESEMBER 09:00 - 12:00
- 9 DESEMBER 09:00 - 12:00
- 16 DESEMBER 09:00 - 12:00


**CHARNELLE 082 342 8113**

**KATRIEN 072 407 0670**

**CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA**

# FRAMESBY NETBAL KRAAI KONING TEEN COLLEGIATE

O/14A wen 21-11
O/14B wen 19-6
O/14C wen 14-12
O/14D wen 19-9
O/14E wen 21-1
O/14E teen Collegiate O/14F wen 28-4
O/15A teen Collegiate O/16B wen 35-7
O/15B teen Collegiate O/16C wen 33-4
O/16A wen 33-18
O/16B wen 28-12
O/16C verloor 17-18
O/16C wen Collegiate 16D 26-12
O/17A wen Collegiate O/19A 24-22
O/19B wen 20-12
O/19C wen 26-14
O/19C verloor teen Collegiate O/19D 10-16









# LEOLIN EN SIMONIQUE: SA VERTEENWOORDIGERS!

Dis ń groot eer om baie geluk te sê aan Leolin Pietersen (Graad 11) en Simonique Grobler (Graad 10) met hulle verkiesing om in November, Suid-Afrika by die Wêreldkampioenskappe en Wêreld Ouderdomsgroep Trampolien in Birmingham, London te gaan verteenwoordig.

Baie geluk met hierdie uitstekende prestasie.



# SPORTUITSLAE:

SKAAK:
3-4 teen Lawson Brown verloor

MUURBAL:
4e muurbal span het 15 - 1 teen Westering verloor.

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

AND

GWM HAVAL

# " PAINT RUN "

Lots of Fun, Colour & Prizes

ENTRIES @ SCHOOL UNTIL 2 AUGUST 2023

4 AUGUST FROM 15:30 @ KOSBLIK

L Jordaan

072 930 6485

Contact

C. Beetge

079 885 5416

M. Cronjé

083 397 3251



Friday 4 August 2023 Framesby High School (A-Field)

16:30 = 1km OPEN - R30

17:00 = 100m Dash – R30

17:10 = 2.5km – R30

17:20 = 5km – R60

Sponsored by

GWM HAVAL

PORT ELIZABETH

# ONS GESELS MET: LISA NEUPER



As ek aan my matriekjaar van 2008 dink, onthou ek net lekkerte! Lekker snoepie-slaptjips, lekker maats, lekker saamlag...

Ek onthou hokkie, Forum, monitorbestuur, dansklub, Huis Krit se sixties-tema-atletiek-aankoms.. Ek onthou meneer Van Niekerk se warm glimlag, die lekker praktiese lesse in die Verbuikersklas... maar dan onthou ek ook hoe die slimmer kinders sug as ek juffrou Lombard wéér 'n keer vra om die wiskundesom nóg 'n keer te verduidelik. (Baie dankie daarvoor, juffrou Lombard).

Ek was gelukkig om vir vier jaar vir Framesby se eerste hokkiespan te speel. Vir twee van daardie jare het ek saam met my sussie, Lara Hayward, gespeel. Wonderlike tye en een van my beste herinneringe. Ek is seker dié wat saam met ons in die span was, onthou ook die lekker lag, bleep toetse met tannie Nola, hoe vinnig juffrou Loftus hardloop en natuurlik Sarone se stem op en dwarsoor die veld. Tot vandag toe hoor ek haar nog, selfs as ek net op my eie gaan draf: "HARDLOOP LISA!", dan hol ek sommer `n bietjie vinniger, net vir Sarone. Vir `n beter span en kaptein kon ons nie vra nie.

Ek het na skool aan die Universiteit van die Vrystaat 'n graad in Verbruikerswetenskap verwerf, en daarna 'n Diploma vir Verdere Onderwys en Opvoeding gedoen. Ek was `n wonderlike geleentheid gegun toe ek as Opleidingsbestuurder vir Famous Brands in die Oos Kaap aangestel is. Wimpy koffie sal vir altyd naby aan my hart bly.

Ek het in 2017 met my man, Steven, getrou. Ons is in 2019 met ons eerste seun, Luke, geseën. Na Luke se geboorte het ek besluit om 'n skooljuffrou te word, Famous Brands gegroet en die

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

onderwys  betree.  Ek hou tans skool by Hoërskool Kaap Recife. Ek gee Verbruikerstudies en het nou die geleentheid om kinders te leer kosmaak, selfs al het hulle gedink dat hulle dit nooit sou kon doen nie. Wat 'n voorreg!

In 2021 is ek en Steven geseën met ons tweede seun, Ezra. Die twee mannetjies maak die lewe propvol en is absoluut ons kosbaarste besitting.

Skool was vir my groot pret en ek moedig elke leerder aan om die klein dingetjies te onthou, te koester en te waardeer. Onthou die dansklub "outfit planning", die pouse geselsies, die vlinders in jou maag as jou kêrel jou in sy blou golfie oplaai, die sporttoere … en selfs daardie moeilike wiskunde somme, veral hoe wonderlik jy voel as daai som uiteindelik uitwerk en reg is.
En as skool dalk huidiglik nie vir jou so prettig is nie, belowe ek jou – die lewe wat voorlê is onbeskryflik!

Lisa Neuper (nee Hayward)









SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.

# OUDSKOLIERE MEMORABELIA:

Ons wil graag memorabelia vir ons oudskoliere ontwerp en laat maak. Enige voorstelle kan na mediasentrum@-framesby.co.za ge-epos word.



SUNRIDGE VILLAGE 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7



# KAARTJIES:

**R100 P/DAG**
(TOEGANG)

**R200 P/DAG**
(TOEGANG + AANDETE)

Hoërskool Framesby

## Moet dit nie misloop nie!

KOOP 'N KAARTJIE OM TOEGANG TE KRY TOT DIE OUDSKOLIERE-MARKIESTENT!

## 11 EN 12 AUGUSTUS 2023

# OUDSKOLIERE-NAWEEK

### FRAMESBY VS MARLOW

**VRYDAG: 16:00 - 22:00**
**SATERDAG: 07:00 - 22:00**

**VIR NAVRAE EN BESPREKINGS:** CLINT GARBERS CGARBERS@FRAMESBY.CO.ZA

KAARTJIES SAL TE KOOP WEES TOT DINSDAG, 8 AUGUSTUS 2023

KOOP 'N KAARTJIE OM TOEGANG TE KRY TOT DIE OUDSKOLIERE-MARKIESTENT!

II, I2 AUGUSTUS 2023

# OUDSKOLIERE-NAWEEK

FRAMESBY VS MARLOW

## II, I2 AUGUSTUS 2023
## OUDSKOLIERE-NAWEEK

Ons nooi alle oudskoliere om die naweek (Vrydag en Saterdag) saam met ons te kom spandeer en al ons sportspanne te kom ondersteun. Daar word spesiaal 'n markiestent vir ons oudskoliere agter die rugbypale opgeslaan.

Maak seker dat jy jou kaartjie koop voor Dinsdag, 8 Augustus 2023.
Kaartjieverkope beloop R100 per dag vir slegs toegang en R200 per dag vir toegang met aandete ingesluit. Vrydagaand word daar lekker spit met bykosse bedien en Saterdagaand Butter Chicken en 'n broodrolletjie.
Die tent sal Vrydag vanaf 16:00 tot 22:00 en Saterdag vanaf 07:00 – 22:00 oop wees. Alkoholiese verversings sal Saterdag, 13:30 in die tent beskikbaar wees. Geen alkoholiese verversings sal buite die tent toegelaat word nie.

**BANKBESONDERHEDE:**
**REKENINGNAAM:** DIE HOËRSKOOL FRAMESBY OPVOEDKUNDIGE TRUST
**BANK:** FNB
**REKENINGTIPE:** CHEQUE ACCOUNT
**REKENINGNOMMER:** 62747500983
**TAKKODE:** 210517
**VERWYSING:** M.VOORLETTER.VAN
**BEDRAG:** R100/200 VRYDAG OF SATERDAG
***bv: M.C.Garbers***
****geen spasies.***

---

Vir enige navrae kontak mnr Clint Garbers: cgarbers@framesby.co.za


RUGBY-AAND
MET
VICTOR MATFIELD & JACO VD WESTHUYZEN
Hoërskool Framesby
FONDSINSAMELING VIR DIE
FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST
9 AUGUSTUS 2023
18:00 VIR 18:30
KOM KUIER SAAM IN DIE KOSBLIK!
UITVERKOOP
SLEGS 3 TAFELS BESKIKBAAR
Besprekings:
Mev. Snetler by mediasentrum@framesby.co.za
VICTOR MATFIELD:
127 TOETSE VIR DIE SPRINGBOKKE
148 VODACOM SUPERRUGBYVERSKYNINGS
3X CURRIE BEKER EN SUPER 14-WENNER
WENNER VAN DIE DRIE NASIES 2004 EN WÊRELDBEKERWENNERS IN 2007
JACO VD WESTHUYZEN:
31 TOETSE VIR DIE SPRINGBOKKE
2000-2012 DEEL VAN DIE BLOU BULLE
CURRIE BEKER WENNER 2002
SUPERRUGBY WENNER 2007 & 2010

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

# OUDSKOLIERE SAMEKOMSTE 2023

## 12 AUGUSTUS 2023 PORT-ELIZABETH, HOËRSKOOL FRAMESBY

**Reünie-groepe:**
**Hoofleiers van die volgende jare 2013, 2003, 1993, 1983 en 1973** kan mnr. Garbers kontak en 'n tafel bespreek vir die oudskoliere-naweek op **12 Augustus 2023.**
**E-pos: cgarbers@framesby.co.za**

Ons nooi alle oudskoliere uit om die tydens die oudskoliere naweek lekker saam te kom kuier. Tafels kan bespreek word. Kaartjie sal toegang tot die tent en kos insluit.
Die oudskoliere sal toegang tot 'n private paviljoen ook hê.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# KOSBLIK REKENING VORM

SKOLIER NAAM: ________________________________

OUER NAAM: ___________________________________

EPOS:___________________________________________

SELFOON NOMMER:_______________________________

ALLE BETALINGS SAL OP DIE REKENING GELAAI WORD BINNE 24 UUR VANAF 1 AUGUSTUS.

STUUR ASB BEWYS VAN BETALING AAN INFO@DIEKOSBLIK.CO.ZA

KAART EN KONTANT BETALINGS IS WELKOM EN SAL DEUR DIE BESTUURDER AAN DIENS OP DIE REKENING GELAAI WORD.

REKENING SAL SLEGS OOPGEMAAK WORD NADAT DIE VORM VOLTOOI EN INGEHANDIG IS.

BANK INLIGTING:
DIE HOOFMEISIES
FNB CHEQUE
63 035 337 004
TAK 211 417

GROETE,
DIE HOOFMEISIES
071 856 5787

Die
KOSBLIK
Hoërskool Framesby

## DON'T GET LEFT IN THE DARK, CONTACT US TODAY!

## SYNAPSE INVERTERS

3KVA Inverter from R13 500
with 2x AGM Batteries
Price excludes installation

5KVA Inverter from R25 999
with 4x AGM Batteries
Price excludes installation

OPTIONAL EXTRA: SOLAR PANELS

FINANCING AVAILABLE

## LINKQNET INVERTERS

1200VA Combo from R6 800
with 1x AGM Battery

2400VA Combo from R9 800
with 2x AGM Batteries



OPTIONAL EXTRA:
SOLAR PANELS
FINANCING
AVAILABLE

ALL BRANDS & MODELS AVAILABLE






IT on the move

084 752 7927 / 083 580 0191
info@itonthemovepe.co.za

ICT SALES, SUPPORT AND SERVICE
COMPUTERS & COMPONENTS • LAPTOPS AND ACCESSORIES
COMPUTER ACCESSORIES AND CABLES
PRINTERS AND MULTIFUNCTIONALS • NETWORKS
WIFI • SERVERS • SOLAR SOLUTIONS